

Die Handeling van die Apostels: Die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:1-4) – Francois Malan

Met Pinksterfees (*pentekoste* 'vyftigste' op die vyftigste dag na paasfees) vier die Jode die oesfees. Die eerste gerwe wat op die land gesny word aan die begin van die koringoes, word op Paasfees, met die aanbreek van die sewe dae se ongesuurde brood, as offer aan die Here gebring (Eks 23:15-16a). **Die fees van die weke** word sewe weke na die paasfees gevier, en daarom **Pinksterfees** genoem. Dit word ook die fees van die insameling genoem, wanneer die vrug van die arbeid op die lande ingesamel is (Eks 23:16b; 34:22b; Lev 23:15-21: van die dag ná die Sabbat af, die dag waarop julle die are as beweegoffer vir die Here aanbied, moet julle sewe volle weke tel. Die dag ná die sewende Sabbat, op die vyftigste dag (Sondag), moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pasgeoeste graan, brode van drie kilogram meel met suurdeeg gebak, sewe jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek, 'n jong bul en twee ramme, en drankoffers. Niemand mag op die dag werk nie en julle moet 'n gewyde byeenkoms hou; Deutr 16:9-12: Vier die fees van die weke tot eer van die Here. In die mate waarin

die Here jou God
jou geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring. In
die plek wat die Here jou
God sal kies om sy Naam daar te laat woon, moet jy bly wees in
die
teenwoordigheid van die Here jou God...met jou hele gesin.

Ná die verwoesting van Jerusalem in 70
n.C. word die Pinksterfees vir die Jode 'n fees oor **die
wetgewing by Sinai**
en sedert die tweede eeu n.C. word Eksodus 19 op dié dag
voorgelees. Die
Paasfees is in Eksodus 12 verbind aan die nag van die
bevryding van Israel uit
Egipte. Volgens Eks 19:1 kom hulle drie maande daarna in die
Sinaiwoestyn aan
(3×28 dae = 84 dae) en word die wet (Eks 20) enkele dae daarna
deur die Here
van die berg af aangekondig.

2:1 Na sy opstanding op die derde dag
vanaf sy kruisiging (van Goeie Vrydag tot Sondag met sy
opstanding) het Jesus
gedurende die volgende 40 dae voor sy hemelvaart aan sy
dissipels verskyn (Hand
1:3). Daarna moes hulle 10 dae wag tot die uitstorting van die
Heilige Gees op
Pinksterdag. Die dag van die Joodse Pinksterfees, die 50ste
dag na paasfees, is
weer 'n Sondag en 'n fees van volheid en vreugde wanneer die
volle oes
ingesamel is.

'Toe die dag van die **Pinksterfees**

aanbreek...' Lukas gebruik vir 'aanbreek' die woord *sumplêrousthai* wat verwys na die einde van 'n periode met die implikasie van die voltooiing van 'n mikpunt of 'n plan. Daarmee word hierdie eerste Pinksterdag van die kerk voorgestel as die vervulling van Jesus se doel met sy aardse bediening. Die doel van Jesus se aardse bediening is sy voortgaande werk deur die Heilige Gees in en deur sy volgelingen tot by sy wederkoms.

Die saamwees van die eerste groep op een plek, wys ook na die gemeenskap van die gelowiges (vgl. Joh 17:22-23).

Paulus noem die gemeente 'n **tempel** van God waarin die Heilige Gees woon

(2 Kor 3:16-17). In 1 Kor 6:19 noem hy elke gelowige se liggaam die tempel van

die Heilige Gees in ons. Hulle (die groep) was almal op 'een' (*auto* dieselfde)

plek 'bymekaar' (*homou* saam). Die 'hulle' verwys na die twaalf apostels

(1:26) en waarskynlik ook na die res van die ongeveer 120 mense van Hand 1:15.

Die samekoms op een plek sou seker ook op die tempel terrein gewees het (vgl. by

1:15 se bespreking), waar die menigte ook saamgedrom het (2:6).

2:2 Skielik (*agnō* met die implikasie van onverwags) was daar uit die hemel 'n geluid soos van 'n magtige

stormwind wat aankom en **die geluid het die hele huis waarin hulle**

sit, gevul (*êchos* geluid, gedruis; *plêroō* volmaak. Die 'huis' verwys waarskynlik na die tempelterrein waar Jesus voor die Paasfees onderrig gegee het (Luk 21:37-38) en waar die Raad Hom die Vrydag teen dagbreek officieel verhoor het. Daar het Jesus gesê het dat hulle Hom van nou af sal sien sit aan die regterhand van die mag van God (Luk 22:66,69). Die woord *oikos* word gebruik vir 'n woonhuis, 'n heiligdom en vir 'n tempel. Die tempel word as die huis van God beskryf (vgl. Hand 7:47-48; Luk 6:4; 19:46; Matt 12:4; Eseg 9:6; Jes 6:3-4).

Die **tempelterrein** was in Jesus se tyd 15 hektaar groot, rondom met 'n dubbele muur ommuur om die gewyde gebied van die wêreld af te grens (Eseg 42:20) met poorte aan elk van die vier kante, en binne die groot tempel, die heiligdom (letterlik 'huis;' Luk 11:51, 2 Kron 24:21), en rondom die tempel die afsonderlike voorhowe, die voorhof van die priesters met die brandofferaltaar en die waskom, die voorhof van die Israëliete, van die vroue, en van die heidene waaruit Jesus die verkopers en kopers gejaag het (Mark 11:15). Om die tempel was die skatkamers, die pilaargang van Salomo (Joh 10:23; Hand 3:11) wat toegang tot vergadersale aan die oostekant gebied het, sowel as die westelike pilaargang met die koninklike sale. In een saal het die twaalfjarige Jesus destyds by die leermeesters gesit (Luk 2:46), die Sanhedrin

het 'n raadsaal vir sy 71 lede gehad; ens.

Dat die geluid uit die hemel gekom het, beteken dat dit van God af gekom het (vgl. Luk 3:21-22; 11:16: die teken uit die hemel wat hulle gevra het; Luk 20:4-5). Die geluid wat soos 'n magtige stormwind aangekom het en die huis gevul het, is 'n teken van **God se magtige teenwoordigheid** (2 Sam 5:24; 1 Kon 19:12; Ps 104:4). So het die sterk helder klank van 'n ramshoring saam met die donderweer die volk in die kamp by Sinai laat bewe (Eks 19:16; 20:18). So het die Here ook vir Job aangespreek uit 'n stormwind (Job 38:1).

2:3 Na die hoorbare teken volg die sigbare teken: 'en daar is gesien verdelende tonge soos van vuur, en dit ('n tong) het op elkeen van hulle gaan sit.' So word dit sigbaar dat die Gees van God aan hulle elkeen gegee word. Vuur is 'n teken van God se teenwoordigheid (vgl. 2 Thess 1:8 se vuurvlam waarin Jesus sal terugkeer; Eks 3:2 die braambos wat nie uitbrand nie; 13:21 die vuurkolom wat snags lig verskaf het; Ps 104:4 vlammeende vuur as die Here se dienaars). Dit is hier 'n beeld van die onbegryplike dat elkeen met die **vuur van die Heilige Gees** vervul word, en dat Hy steeds een Gees van God is en bly (1 Joh 4:13 Hy het ons aan sy Gees laat deel kry; 1 Kor 12:11 Een en

dieselfde Gees bewerkstellig al hierdie dinge, wat Hy aan elkeen afsonderlik uitdeel volgens sy wil).

Die teken van die Heilige Gees wat op Jesus neergedaal het om sy bediening te tipeer was 'n vredesduif en die vreugdestem van die Vader oor sy geliefde Seun (Luk 3:12). Die Gees werk egter onhoorbaar en onsigbaar, en die geluid en die tonge was slegs uiterlike tekens van sy koms en van die uitwerking van sy koms op Jesus se volgelingen, dat hulle **vurig met luide stem sal begin getuig van Jesus** en van sy koninkryk. Nadat God Homself by die brandende braambos geopenbaar het as die 'Ek is' wat saam met Moses gaan, moes hy voor die Farao van die HERE gaan getuig. Jesus het juis gekom om vuur op die aarde aan te steek en het gewens dat dit al aan die brand was (Luk 12:49). Nou het die vuur gekom as teken van die werk van die Gees in die gelowiges, soos deur Johannes die Doper voorspel (Luk 3:16). 2:4 'En almal is (deur God) vervul met die Heilige Gees...' Die passief 'is vervul' impliseer dat dit God is wat dit gedoen het. Hier word nou genoem dat die geluid en die tonge tekens is van die Heilige Gees se koms. Dit is die Vader se belofte waarvan Jesus gepraat het (Hand 1:4). Vervul met die Gees beteken dat die Heilige Gees hulle totaal oorneem. Hy stel hulle ook in staat om te begin praat in ander (verstaanbare) tale (*glōsseis*) soos die Gees aan hulle gegee het 'om uit te spreek' (*apoftheggomai* die spesiale woord wat in die Nuwe Testament slegs in Handelingen gebruik word, verwys na die **hoë kwaliteit en duidelik geartikuleerde woorde** wat die Heilige Gees aan hulle gee). Die verskillende taalgroepe, wat verstaan wat in hulle tale gesê word, veronderstel dat die ongeveer 120 op wie tonge soos van vuur gaan sit het, in verskillende tale die boodskap vertolk het toe die Gees hulle in sy diens opgeneem het.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Bedek onder die bloed van Jesus, en versoekings – Hermie van Zyl

Jacqueline vra:

Ek wil graag uitvind: As 'n mens jou bekeer het en jy het die ou mens gelos en 'n nuwe mens geword onder die bloed van Jesus – wat gebeur as daar 'n versoeking kom? Ek vra namens 'n vriendin. Sy is getroud, maar die huwelik is nie regtig so vol liefde nie. Sy het kinders, maar sy sê sy voel leeg in haar binneste. Een van haar ou mansvriende het weer haar pad gekruis. Hulle het begin liefdesboodskappies stuur. Hy het haar al twee keer gesien, maar na drie weke toe praat hy glad nie meer met haar nie. Hy sê hy kry nagmerries en wil homself hang, en ek weet nie wat nog alles nie. Hy het haar net begin ignoreer. Wat kan die oorsaak wees? Kan dit die Here wees wat aan hom die nagmerries gee omdat sy gedek is onder die bloed van Jesus, of is dit die werk van Satan? Die man wil haar nie antwoord nie; dis net nadat hy ewe skielik die nagmerries begin kry en hom onttrek het. Sy is baie hartseer en ek weet nie

wat om vir haar te sê nie.

Antwoord:

Prof

Hermie van Zyl antwoord:

Die

kern van ons vraagsteller se vraag is of die gelowige wat bedek is onder die bloed van Jesus nou gevrywaar is van versoekings en die aanvalle van Satan. Ek maak graag 'n paar opmerkings hieroor. Dalk help dit ons vraagsteller om groter helderheid te kry en so haar vriendin ook te help.

Kom

ons praat eers oor die uitdrukking "bedek onder die bloed van Jesus".

Dit verwys na tekste soos Handeling 20:28; Efesiërs 1:7; Hebreërs 9:12,14, 1

Petrus 1:18-19 en Openbaring 1:5. Hierdie tekste sê almal dat ons verlos word

van 'n sondige leefwyse deur die bloed van Jesus. Maar wat beteken dit? Die

agtergrond hiervan lê in die Ou Testament. Die priesters moes versoening doen by

God vir die sondes van die volk deur 'n bok of bul te offer in die plek van die

mense. Die opvatting was dat die lewe of siel van die dier in die bloed gesetel

is. As die dier geslag word, dan vloei sy bloed en so gee hy sy lewe of offer

hy sy lewe op. Daar is dan geglo dat die dier se bloed/lewe in die plek van mense se bloed gevloei het, en so bedek die bloed/lewe van die dier die sonde van mense. Mense het dus nie nodig om te sterf vir hulle sonde nie omdat die dier reeds sy lewe gegee het in hulle plek. Maar nou leer die Nuwe Testament ons dat toe God 'n nuwe verbond met die mens aangegaan het, Hy het sy Seun – Jesus Christus – se lewe in ons plek gegee het. Dis nou nie meer diere se bloed nie, maar die Seun se bloed/lewe wat ons bedek en maak dat ons nie gestraf word deur God se regmatige toorn oor die sonde nie. Verder, Jesus se dood was 'n eenmalige offer, dit hoef nie oor en oor gedoen te word, soos met die diereoffers in die OT nie. Christus het eens en vir altyd in ons plek gesterf (Heb 9:12). Al wat ons moet doen, is om dit in die geloof te aanvaar en dan te lééf as verlose mense. Dis wat 1 Pet 1:18-19 bedoel as dit sê dat ons losgekoop is, dit wil sê, gered is deur die kosbare bloed van Christus van ons vroeëre sinlose bestaan. Nou kan ons as nuwe mense leef, verlos van 'n sinlose lewe, en vir God en ons naaste leef.

“Bedek onder die bloed van Jesus” is dus nie iets magies of toweragtig wat oor ons spoel en ons onaangeraak laat nie. Dis eintlik net 'n manier van sê dat ons glo dat Jesus in ons plek vir ons sonde gesterf het, en dat

ons nou bevry is
van 'n ou, sondige leefwyse, en dat ons deur die Heilige Gees
die hartlike
begeerte het om na al God se geboorte te lewe. Want ons wil
graag uit
dankbaarheid vir ons verlossing nou die bewys lewer dat ons
aan Hom behoort,
dat ons deel van sy familie op aarde is, en dat ons nou 'n
nuwe leefstyl het.
En dit bring ons by die tweede belangrike saak wat ons
vraagsteller aanroer:
Wat van versoekings? Is ons wat "bedek is onder die bloed van
Christus" nou gevrywaar van versoekings? Nee, hieroor is die
Bybel baie
duidelik. Die feit dat ons God se kinders is, beteken nie dat
versoekings geen
vat meer op ons het nie. Inteendeel, dis nou dat die duiwel
alles in sy vermoë doen
om ons weer vir hom terug te wen. Hy loop daarom soos 'n
brullende leeu rond om
te kyk en te soek wie hy kan verslind (1 Pet 5:8). Ons moet
daarom nugter,
wakker en standvastig wees (1 Pet 5:8-9), en ons bewapen met
die volle
wapenrusting van God, waarvan in Efesiërs 6:10-20 gepraat
word. Ons mag nie vir
'n oomblik laat slap lê nie, want die Bose is listig. Verder,
ons eie hart –
hoewel vernuwe deur die Gees van God en hoewel ons bedek is
onder die bloed van
Jesus – vat 'n leeftyd om inge oefen te raak in 'n nuwe
leefstyl waarvan God
hou. Dit kom nie sommer vanself nie; dit vra inspanning en
inoefening. Daarom,
vir seker gaan ons nog struikel, val en oortree, maar nou doen
ons dit nie meer
as slawe van die sonde, sonder hoop uitgelewer aan en

vasgevang in sy strikke nie,
maar as mense wat leef uit die versoening met God en uit die
voortdurende
vergifnis van die Here. Ons is as nuwe mense op weg na ons
ewige tuiste wat God
vir ons saam met Jesus aan die voorberei is.

Wat

duidelik is uit bogenoemde is dat niks in die verhouding met
God outomaties is
nie. Net omdat jy aan Hom behoort en gedek is onder die bloed
van Jesus beteken
nie dat jy outomaties van alle versoekings vrygestel is, dat
jy kan doen wat jy
wil net omdat jy deur sy bloed gered is nie. Die verbond wat
God met ons
aangaan, het twee kante: God se kant, en ons kant. So was dit
reeds onder die
ou verbond. Die feit dat daar 'n offerkultus was en Israel
bedek was onder die
versoeningsbloed van die offerdiere het nie ingehou dat hulle
outomaties
vrywaring teen gevare en versoekings geniet het nie. So wys
die profete en die
psalmdigters die volk voortdurend daarop dat dit nie help om
te sê: "Ons
is veilig! Dit is die Here se tempel ..." (Jer 7:4) nie. Hulle
moet ook
dóén wat die Here se wil is (Jer 7:22-23; Ps 40:7-9; 50:13-14;
51:18-19). Hy
vra nie méér offers en rituele nie; Hy vra gehoorsaamheid. En
dit is nog meer so
in die Nuwe Testament. Daar was byvoorbeeld gelowiges in Rome
wat die standpunt
gehuldig het dat jy eintlik maar die sonde kan opstapel, want
dan word God se

genade outomaties net al hoe meer (Rom 6:1). Paulus wys egter daarop dat hierdie 'n drogredenasie is. Hy beklemtoon dat om te leef onder die genade/bloed van Jesus juis inhou dat jy 'n nuwe lewenswyse begin wat pas by jou redding: Jy is nou dood vir die sonde en het saam met Christus opgestaan tot 'n nuwe lewe (Rom 6:2-14).

Dit

bring my by die derde saak wat ek as antwoord vir ons vraagsteller wil gee. Wat haar vriendin doen – om nog bande te probeer hou met 'n vorige mansvriend – is duidelik verkeerd. Dis nie die wil van God nie, maar haar eie vorige – sondige – begeertes wat haar probeer wysmaak dat haar lewe ongelukkig is saam met haar man en dat dit baie beter saam met haar vorige mansvriend gaan wees. Dis nie die lewe wat God vir haar kies nie, maar haar eie sondige begeertes wat dit wil hê. As getroude vrou en ma van kinders moet sy haar toewy aan haar man en kinders as iemand wat bedek is onder die bloed van Christus en daarom losgekoop is uit 'n vorige lewenstyl. Dít is God se wil. Mens kan nie voetjie-voetjie speel met die Bose nie; jy gaan tweede kom. Die Bose oefen immers nog 'n groot suigkrag op ons uit vanweë die feit dat ons steeds brose, sondige mense is. Maar ons is ook nuwe mense, en as nuwe mense is ons geroepe om die Bose te beveg en ons toe te wy aan ons nuwe lewe in Christus. En

gaandeweg sal ons
ervaar dat dit al hoe makliker word om hierdie pad te loop,
want die Gees staan
ons by in ons swakheid. En daarby weet Christus wat ons
deurmaak en versterk Hy
ons, want Hy is net so versoek soos ons, maar het nie daarvoor
geval nie (Heb
4:15).

En terloops, dis geen wonder dat die vrou se vorige mansvriend
nagmerries kry nie. Dis 'n skuldige gewete wat so maak, want
hy weet hy doen verkeerd. Daar is ook niks van waar dat dit
God is wat die vriendin beskerm omdat die bloed van Jesus haar
bedek nie; dis 'n totaal verkeerde afleiding oor wat dit
beteken om bedek te wees onder die bloed van Jesus. Dis gewoon
die man se gewete wat hom aankla, en dis ook reg so. Trouens,
die vriendin behoort ook skuldig te voel dat sy 'n ou
vriendskap wil laat herleef. My raad aan ons vraagsteller se
vriendin is dus: Los daardie vorige mansvriend; moet jou nie
verder oor hom verknies nie, en leef jou nuwe lewe saam met
jou man en kinders. Dan sal jou hartseer verander in vreugde.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

**Die Handeling van die
Apostels: Mattias word in**

Judas se plek gekies (Hand 1:15-26) – Francois Malan

1:15 'In

daardie dae' is 'n onbepaalde uitdrukking wat Lukas graag gebruik (6:1; 11:27).

Soos met die 'eerste periode' van Jesus se werke (Luk 1:5) plaas Lukas hier 'n

belangrike gebeurtenis aan die begin van die 'tweede periode' van Jesus se

werke. In hierdie wagtyd wat Jesus beveel het (1:4) plaas Lukas die verkiesing

van 'n persoon in die plek van Judas tot die twaalftal wat Jesus as apostels

aangestel het (Luk 6:13). Dit is **die begin van Jesus se optrede deur sy**

gemeente. Die verkiesing vind plaas in 'n byeenkoms van die apostels saam

met die res van die gemeente (vgl. ook 6:2).

Petrus staan

op tussen die broers as die woordvoerder van die twaalf, soos in Lukas 9:20;

8:45; 12:41; 18:28. Jesus het hom ook aangestel om sy broers te versterk (Luk

22:32). '**Broers**' is 'n benaming wat van die Ou Verbond oorgeneem is

(vgl. Hand 13:15; 22:5; 28:17,21). Maar vir die gelowiges het broers 'n dieper

en breër betekenis gekry deurdat Jesus sy volgelinge broers genoem het (Matt

25:40; 28:10; Joh 20:17). Broers (*adelphoi*) word dikwels gebruik vir

almal wat in Christus glo en sluit susters in. As broers van Jesus word Christen-gelowiges kinders van God se gesin. Die gemeente in Jerusalem het intussen aangegroei tot tien maal die aposteltal. In die lig van 1:14 was dit 120 mans en vroue. Die plek waar die 120 vergader het kon beswaarlik 'n bovertrek van 'n huis gewees het, en verwys moontlik na een van die sale op die tempelterrein vanuit die pilaargang van Salomo (vgl. Luk 24:53; Hand 3:11; 5:12).

1:16 Hier is die eerste van 'n reeks toesprake van Petrus wat Lukas opteken. Hy spreek die byeenkoms aan as 'manne broers' (*andres adelfoi*; die manlike *anêr* verwys na 'n man, maar die meervoud 'manne' verwys dikwels na mense in die algemeen, soos 'broers' ook 'n algemene term is vir **gelowige mans en vroue**. Die kombinasie 'manne broers' gebruik Lukas ook in 2:29,27; 7:2; 13:15,26,38; 15:7,13; 22:1; 23:1,6; 28:17).

Petrus verwys na Ps 41:10 waar die Heilige Gees by monde van Dawid oor Judas gepraat het, en nou met die Seun van Dawid andermaal vervul is: 'Selfs my vriend, wat ek vertrou het en wat saam met my eet, het die hakskeen teen my gelig.' So het Judas as gids opgetree vir die mense wat Jesus gearresteer

het. Vir Lukas is die eintlike spreker by alle profesieë die Heilige Gees wat deur mense praat (Hand 4:25; 28:25), so ook vir die getuienisse van gelowiges oor Christus deur die eeue (vgl. 2 Petr 1:20-21). Daarom sê Petrus aan die begin van sy rede dat dit so **moes** gebeur het. Die woord 'moes' (*edei* imperfektum van *dei* wys op die voortgang van die noodwendigheid) wys hier na God se woord in die Skrif wat vervul moes word (*plêroō* volmaak, voltooi, die ware betekenis gee). Soos Dawid destyds ondervind het dat sy skoonvader Saul en later sy seun Absalom en sy vriend Agitofel teen hom gedraai het (2 Sam 15:31), het die Heilige Gees vir Dawid die woord laat neerskryf wat ook met Jesus sou gebeur. Dawid word verder aangehaal in Hand 2:25, 29,34; 4:25 wat telkens na die Psalms verwys. In Handelingte haal Lukas die Skrifte aan om die voortsetting van Christus se werk deur sy volgelinge te verduidelik. Ps 41:10 word ook na verwys in Matteus 26:24; Markus 14:18; Lukas 22:21 en Johannes 17:12.

1:17 Petrus

verwys na Judas Iskariot se roeping, dat hy as een van hulle groep gereken is (*katarithmeomai* as lid getel word, wat aan hulle behoort). Die passiewe perfektumvorm van die werkwoord dui aan dat God hom as 'n blywende lid van hulle groep (van twaalf apostels) gereken het (vgl. Luk 22:3); en hy het 'n

aandeel aan hierdie
diens (van God) ontvang (vgl. Luk 6:12-13; 9:1-2). Daarmee
beskryf Petrus
die bevoorregte posisie van Judas.

1:18-19

Hierdie weergawe verskil van Matteus 27:3-10 se weergawe van
wat met Judas en
sy geld gebeur het. In Matteus 27:6,8
word die naam van die plek Bloedgrond
afgelei van die onskuldige bloed van Jesus (Matt 27:4). In
Handelinge
word die naam afgelei van die skuldige bloed van die verraaier
(Hand 1:19). In
Matt 27:7 het die hoëpriester die grond met die bloedgeld
gekoop as 'n
begraafplaas vir vreemdelinge. Volgens Handelinge het Judas
self die grond
gekoop. Matteus 27:5 beskryf sy selfmoord as 'n oordeel oor
homself.
Handelinge skep die indruk dat dit God se oordeel oor Hom is –
hy val en bars
oop. Die verskil wys na twee verskillende mondelinge tradisies
daaroor wat by
Matteus en Lukas uitgekom het. Augustinus het die twee
gekombineer met die
voorstel dat Judas homself opgehang het, afgeval en oopgebars
het. Matteus
beklemtoon Judas se wroeging, wat hom tot selfmoord lei;
Petrus op dit wat ná
Judas se dood moet gebeur, **dat sy plek gevul moet word.**
Handelinge voeg
die ouer Aramese naam Akeldama vir Bloedgrond by. Die grond is
geleë oorkant
die Hinnomdal aan die suidekant van die ou stad Jerusalem.

1:20 Die berig oor Judas se dood het Petrus se inleiding tot die verkiesing van iemand in Judas se plek onderbreek om aan te toon dat daar 'n vakature ontstaan het met Judas se dood. Die argument in vers 17 gaan hier voort om 'n rede uit die Skrif te gee waarom Judas se vakature gevul moet word: 'want daar is in die boek van die Psalms geskryf:

'laat sy woonplek verlate word, en laat geen inwoner daarin (in sy tente) bly nie' (Ps 69:26)

en 'laat 'n ander sy diens as kerkleier (*episkopê*) oorneem (laat oorneem *laboi* optatief, 'n wens)' (Ps 109:8).

laat oorneem (*labetō* imperatief, 'n opdrag) (Handelinge 1:20)

Die twee aanhalings kom amper net so voor in die **Septuaginta**, die Griekse vertaling van die Ou Testament, wat die Bybel van die eerste gemeentes was. Dit was nog voordat die Nuwe Testament se boeke versamel was en later saam met die Ou Testament gebruik is. Die aanhalings word egter hier in 'n ander sin as in die Psalms gebruik. Ps 69 gaan oor 'n lydende regverdige wat sy vyande vervloek. Petrus pas Ps 69:26 se 'verlate woonplek sonder inwoner' toe op Judas, wat sy

apostelskap vakant/verlate gelaat het.

Die bidder se

wens in Ps 109:8, verander Petrus in 'n **opdrag van die Here** oor Judas se

amp. In Ps 109:8 kla die bidder dat sy vyande sê: iemand anders moet sy amp

oorneem. Daarom vra die bidder dat die Here sy vyande moet straf. Petrus pas

die teks egter toe op Judas se vakature in die apostelamp en dat 'n ander

daarom Judas se amp moet oorneem.

Ou

Testamentiese tekste word **toegepas op Christus en sy gemeente.**

In

Christus is daar 'n innerlike eenheid tussen die Ou en Nuwe Testamente. Die Ou

Testament is vir die skrywers van die Nuwe Testament 'n boek vol geheimenisse

van God. Die Heilige Gees onthul aan hulle stellings en gebeure in die Ou Testament

wat op Christus en Christene van toepassing is. Daarom word die Ou Testament in

die lig van die Christusgebeure uitgelê en kry Ou Testamentiese stellings,

onder leiding van die Heilige Gees, 'n heel nuwe en voller betekenis. So

gebruik die Heilige Gees die Ou Testamentiese tekste om Petrus te lei.

Wat Hand 1:25

die 'apostelamp' noem (*apostolê* spesiale gesant), word volgens Ps 109:8

as 'n 'opsienersamp' gesien (*episkopê* diens as leier). Volgens Hand 20:28

word die ouderlinge deur die Heilige Gees aangestel as opsieners (*episkopos* versorger, helper en leier) oor die hele kudde om die gemeente van God

herderlik te versorg. Die beslissende kenmerk van **die christelike apostelamp**

is egter diens, in navolging van Christus (Hand 1:25 hierdie diens, *diakonia*, van apostel; Luk 22:27 'Tussen julle is Ek egter soos een wat dien (*diakoneō*).'

[*episkopos* is in Engels vertaal as bishop, wat wel 'n opsienersamp

aandui, wat dikwels net as 'n gesagvoerder oor ander beskou is en nie altyd as

'n diens aan ander nie].

1:21-22 Die gevolg van die Skrifaaanhalings in vers 20

is dat iemand in Judas se plek gekies moet word. Maar dit moet van die manne

wees wat van Jesus se doop deur Johannes tot die dag van Jesus se hemelvaart,

die hele tyd saam met Jesus en die apostels was. Een van dié verkose manne moet

saam met die apostels getuig van Jesus se opstanding uit die dood. Om een van

die kring van twaalf apostels te word, moes hy die hele tyd 'n **ooggetuie**

gewees het van Jesus se optrede. Die eintlike vereiste is dat hy Jesus persoonlik

moes ken, Hom gevolg het en getuie van sy opstanding is. Letterlik staan daar

dat hy 'die hele tyd wat Jesus in en uit onder ons was,' saam met ons was. 'In-

en uitgaan' is 'n Semitiese uitdrukking wat daaglikse omgang aandui, soos in

9:28 se 'assosieer en besoek.'

1:23 Die

gelowiges wat daar bymekaar was, neem Petrus se voorstel aan, dat iemand in

Judas se plek gekies **moet** word, volgens die tekste wat Petrus aangehaal

het. Hulle het toe twee manne voorgestel (moontlik was hulle twee deel van die

72 van Lukas 10:1).

Josef het drie

name, twee Joodse en een Latynse naam: Josef heet na die stamvader Josef, maar

word ook Barsabbas 'genoem' (*kaleō* iemand op sy naam noem) – Bar-sabbas,

seun van die Sabbat, of Sabbatseun – op die Sabbat gebore. In Latyn is hy

genoem (*epikaleō* iemand 'n hoedanigheid toesê) Justus, wat regverdig

beteken (Afrikaanse Joost). Die twee name vertel iets van die goeie naam van

die man.

Die tweede

nominant is **Mattias**, 'n verkorting van Mattatias, 'Geskenk van Jahweh'

(Sy beendere is later glo deur keiser Konstantyn na Trier gestuur; deur die

Noormanne uitgehaal, wonderbaarlik later weer gevind. Dit is dan die enigste

apostel wie se beendere in Duitsland rus – die skedel in Italië).

Ons hoor egter
nie weer van die twee in die Nuwe Testament nie, behalwe in
Hand 6:2 waar **die**
twalf vir die laaste keer saam opgetree het, met Mattias
waarskynlik onder
hulle (vgl. Openb 21:14 vir die twalf name op die simboliese
twalf fundamente
van die Nuwe Jerusalem, as grondleggers van Jesus se kerk,
vgl. Matt 16:18). In
Luk 22:29-30 het Jesus vir die twalf wat deur al sy
beproeulings by Hom gebly
het, gesê dat Hy aan hulle 'n koninkryk bemaak sodat hulle in
sy koninkryk aan
sy tafel kan eet en drink, en op trone kan sit om reg te
spreek oor die twalf
stamme van Israel.

1:24 Die
verkiesing word deur die eensgesinde gebed van die hele groep
voorberei (*proseuksamenoï*
eipan 'biddende het hulle gevra'). So het Jesus 'n nag in
gebed deurgebring
voor Hy die twalf apostels uitgekies het (Luk 6:12-13; vgl.
Hand 1:2) en het
die gemeente in Antiogië biddende vir Paulus en Silas
uitgestuur (Hand 13:2-3;
vgl. ook Hand 6:6). As Here en kenner van die harte **word Jesus**
gevra om
die regte persoon van die twee aan te wys, wat Hy reeds as sy
apostel uitgekies
het, omdat Hy as God weet wat in die mens is (Joh 2:25; Luk
5:22; 6:8; 9:47).
Die verkiesing van Mattias is die eerste taak wat Jesus deur
die apostels
verrig ná sy hemelvaart.

1:25 Die Here

word gevra om iemand aan te wys 'om die plek (*ton topon*) in hierdie **diens**

(*diakonias tautês*) van apostelskap oor te neem...' Hier beklemtoon die

gemeente se gebed dat die apostolaat 'n diens' is. Jesus stuur mense uit (*apostellō*)

in sy diens, om soos Hy, sy nederige dienende getuies te wees.

Judas

(Iskariot) het egter sy 'plek' in hierdie diens van apostel laat vaar om na sy

'eie plek' of 'besondere plek' te gaan. Lukas speel met die woord *topos* 'plek.'

Sy eie plek verwys waarskynlik nie net na sy eie grond van 1:18 nie, maar na

die plek van pyniging van Lukas 16:28 waarna die rykman verwys het. 'Eie' (*idios*)

verwys hier na sy besondere plek. In Johannes 17:12 verwys Jesus na Judas wat

verlore gegaan het as die seun van die verderf (*apōleia* vernietiging).

Daarvolgens het Judas sy plek in die koninkryk van God opgegee en 'n plek in

die ryk van die Satan ingeneem. Hoewel die Here hom gekies het as een van sy

twaalf apostels, het hy die plek, wat die Here vir hom aangewys het, verlaat

vir die **plek van sy eie keuse**.

1:26 Die **aanwysing deur die lot** word nou verbind aan die gebed van die gemeente dat die Here moet aanwys wie Hy gekies het (Luk 1:24; vgl. Spr 16:33). 'Hulle het geloot...' (letterlik: hulle het aan hulle die lotte gegee). Beslissing deur die lot was goed bekend terwyl die tempel nog bestaan het. Vgl.

Levitikus 16:8 waar Aäron lootjies moes trek oor die twee bokke, een gemerk 'vir die Here' wat hy as sondeoffer offer, en die ander een 'vir Asasel' waarop hy na al die reinigings sy hande lê met al die sonde van die Israeliete, waarna iemand wat beskikbaar is die bok die woestyn injaag waar die bok agtergelaat word. Die diensbeurt van die priesters by die tempel en die keuse van die priester wat die wierook in die heiligdom moes bring is met die lot aangewys (Luk 1:9). So is die verskillende take in en om die tempel ook daaglik met die lot aan persone toegeken. Hier val die lot van die Here toe nie op dié Judas met drie name wat skynbaar die gunsteling was nie, maar op Mattias van wie niks verder gesê word nie. Hy is daarop by die elftal apostels gevoeg as die twaalfde lid in Judas Iskariot se plek. Na die uitstorting van die Heilige Gees word nie weer van die gebruik van die lot gepraat nie, maar van **die direkte leiding deur die Heilige Gees**. Keiser Gratianus (regeer 375-383 n.C.) het as gevolg van die misbruik van die lot, die lot saam met heidense gebruike in die kerk verbied

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

**Die Handeling van die
Apostels: Die elf apostels
(Hand 1:13-14) – Francois**

Małan

1:13-14 Na Jesus se hemelvaart gaan die apostels na die **bovertrek** waar hulle na die Paasfees in Jerusalem gebly het. Die bovertrek was gewoonlik bo-op die platdak van die huisgebou, met 'n trap aan die buitekant van die huis. Daarom staan hier 'hulle het opgegaan na die bovertrek waar hulle gebly het (*katamenō* – oorbly vir 'n tyd). Waarskynlik was hulle bedags in die tempel, soos Luk 24:53 sê, en het in die bovertrek oornag.

Die lys van die apostels se **name** is dieselfde as in Lukas 6:14-16 met die weglating van Jesus se verraaier Judas Iskariot 'man van Keriot' in Judea, die enigste Judeër wat soos Jesus in Judea gebore is uit die stam van Juda. Judas het tydens Jesus se verhore selfmoord gepleeg (Hand 1:18; Matt 27:5).

Na die vervolging van die apostels in Jerusalem het hulle **uitgewyk** (vgl. Hand 12:1-3,17) en die plekke waarheen hulle gegaan het en gaan werk het, is volgens die kerklike tradisie met die lot aangewys.

Simon of Simeon **Petrus**

en Andreas was broers, seuns van Johannes. Aan Simon het Jesus die naam Sefas gegee, die Hebreuse woord vir 'rots,' en Petros in Grieks. Hulle was ongeletterde vissers van Betsaida (Joh 1:41-44; Hand 4:13). Bo-oor die ruïnes van Petrus se huis in Kapernaum, langs die ruïnes van die sinagoge, het die Roomse Kerk 'n moderne kapel gebou (vgl. Mark 1:29). Na sy verloëning van Jesus, het Jesus volgens Johannes 21:15-17 hom in sy amp as apostel vir die besnydenis herstel (vgl. Gal 2:9). Hy word 'n reisende sendeling in Lidda (Hand 9:32), Joppe (Hand 9:36-43), waar die Here hom oortuig om ook na die onbesnede Romein Kornelius in Sesarea te gaan (Hand 10:1-48). Nadat 'n engel hom uit die tronk in Jerusalem verlos het met die vervolging van die apostels (Hand 12:1-17, hoor ons van hom in Antiogië (Gal 2:11). Die grotte in Antiogië, waar die Christene kerk gehou het, word na hom genoem. Volgens 1 Petrus 1:1 het hy ook in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bithinië gewerk (die huidige Turkye). In Korinthe het hy ook volgelingen gehad (1 Kor 1:12; 3:22; 9:15). Die oorlewering is dat Petrus in 64 n.C. in Rome onder keiser Nero gekruisig is, op sy eie versoek kop onderstebo. Die huidige Vatikaan is oor sy graf opgerig, en hulle beskou hom as hulle eerste pous met die sleutels van die koninkryk van die hemele (Matt 16:19).

Volgens die kerklike tradisie het **Andreas** onder die Skithe aan die noordelike oewer van die

Swart See

gewerk, en het hy in Griekeland die laaste drie dae van sy lewe blymoedig die Here bely terwyl hy aan 'n Andreaskruis (X) gehang het. Die Russe vereer hom as hulle apostel, en hy is die beskermheilige van Skotland.

Johannes en Jakobus

was broers, seuns van Sebedeus en ook ongeletterde vissers (Mark 1:19-20; Hand 4:13). Hulle was neefs van Jesus. Hulle ma, Salome, was Maria se suster (Mark 15:40 sê Salome het by die kruis gestaan, en Joh 15:25 sê: Jesus se moeder se suster het by die kruis gestaan). Jesus het hulle Boanerges genoem, seuns van die donder (Mark 3:7; vgl Luk 9:54). Jakobus was die eerste apostelmartelaar (Hand 12:2). Die kerklike tradisie vertel dat Johannes ná sy verbanning na Patmos onder Domitianus, weer terug is in Efese, waar hy tydens die regering van Trajanus (98-117 n.C.) gesterf het. Een tradisie sê dat hy deur die Jode met klippe doodgegooi is. Hy is in Efese begrawe. Teen die berg agter die ou stad Efese is die huidige kapel van Maria, die moeder van Jesus, op die plek waar Johannes haar sou opgepas het tot haar dood (vgl. Joh 19:26-27; 21:23). Hierdie boanerg het in sy tyd saam met Jesus die nederige apostel van liefde geword, soos sy Evangelie, drie briewe, en Openbaring, getuig.

Filippus

kom van Petrus en Andreas se tuisdorp Betsaida. Hy lei Natanael na Jesus (Joh 1:44-46), en hy en Andreas lei ook die Grieke wat Jesus wou sien na Hom toe (Joh 12:20-22). In Joh 14:8 vra hy vir Jesus: 'Here, wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' Waarop Jesus vir ons 'n kykie in die Drie-eenheid gee: 'Wie My gesien het, het die Vader gesien...Glo My dat Ek in die Vader en die Vader in My is...' (Joh 14:9,11). Volgens 'n latere oorlewering het Filippus later in Klein-Asië gewerk en in Hiërapolis gesterf.

Thomas

– die Hebreuse woord *te'ōma'* beteken 'tweeling,' daarom word hy ook genoem Didimus, 'tweeling' in Grieks (Joh 11:16) Hy het onder die Parte (in die huidige Iran) gaan werk. Die Mar-Thoma kerk in Indië beskou hom as die stigter van die Siriese kerk waarvan hulle later afgeskei het.

Bartholomeus

(bar-'seun' van Talmai), is waarskynlik Natanael ('Geskenk van God') van Joh 1:49. Hy kom van Kana in Galilea. In Johannes word hy sesde genoem net na Thomas. In Matt 10:3; Mark 3:18 en Luk 6:14 word Bartholomeus sesde genoem, ook net na Thomas. Daar is 'n onbetroubare oorlewering dat Bartholomeus die marteldood in Indië gesterf het. Dan kon hy moontlik saam met Thomas daar

gewerk het, soos hulle in die apostellyste saam genoem word. Van Natanael het Jesus gesê dat hy waarlik 'n Israeliet is in wie daar geen bedrog is nie (Joh 1:47). En hy het Jesus herken as die Koning van Israel (Joh 1:49). Miga 4:4 sien uit na die koms van die Messias wanneer elke man ongesteurd onder sy eie vyeboom sal sit; so ook in Sagaria 3:10. So het Jesus ook vir Natanael onder sy vyeboom gesien sit en wag op die koms van die Messias (Joh 1:48,50).

Mattheus

(sy Griekse naam; Matt 9:9) word ook genoem Levi (sy Hebreuse naam; Luk 5:27).

Hy was die seun van Alfeus (Mark 2:14). Jesus kies hierdie tollenaar, wat in diens was van die Romeine en deur die Jode gehaat was, as een van sy 12

apostels. Hy was as tollenaar waarskynlik 'n geleerde man. Papias het ongeveer

150 n.C. geskryf dat Mattheus die woorde van Jesus in Aramees neergeskryf het.

Hy kon dit dan later in sy Griekse Evangelie gebruik het. Die Evangelie volgens

Mattheus het 5 groot gedeeltes met woorde van Jesus bymekaar gegroepeer

(hoofstukke 5-7 bergrede oor die lewe in die koninkryk van die hemele; 10 die

sending van die kerk; 13 sewe gelykenisse oor die koninkryk; 18 oor die kerk;

23-26 teen die Fariseërs en Sadduseërs en die profetiese rede). Waarskynlik het

hy uit Antiogië geskryf. Hy verwys telkens na die vervulling van die Ou

Testamentiese beloftes met Jesus se koms.

Jakobus die kleine,

is die seun van Alfeus en Maria, een van die vroue van Galilea wat Jesus gevolg en bedien het (Luk 6:15; Mark 15:40-41).

Simon die Seloot

of Yweraar (Luk 6:15 en Hand 1:13) word in Mattheus 19:4 Kananeus genoem, soos

in Markus 3:20. *Kananaïos* is die Aramese woord vir die Griekse *zêlōtes*

wat 'yweraar' beteken. Dit kan verwys na 'n lid van 'n Joodse nasionalistiese

groep wat hulle beywer het vir Kanaän se politieke onafhanklikheid van Rome. In

Handelinge 21:38 word verwys na die Sikariërs (dolkdraers) wat selfs Jode wat

met Rome gesimpatiseer het, doodgemaak het. Dan het Jesus 'n tollenaar wat met

Rome saamgewerk het en 'n seloot wat teen Rome gewerk het, in sy dissipelgroep

opgeneem en hulle met mekaar laat versoen. Simon kon egter die bynaam Yweraar

gekry het bloot omdat hy 'n ywerige persoon was.

Judas seun van Jakobus

(Luk 6:16; Hand 1:13) word in Mattheus 10:3 Taddeus genoem (waarskynlik 'n vorm

van Theodotus, 'Geskenk van God.' In Johannes 14:22 vra hy vir Jesus 'Here hoe

is dit dat U Uself aan ons gaan bekend maak en nie aan die wêreld nie?' En hy

ontvang die wonderlike antwoord van God se grootste geskenk

aan 'n gelowige in
vers 23: 'As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek
sê, en my Vader
sal hom liefhê en ons sal na hom toe kom en by hom woon.' Vir
die wêreldlinge,
wat nie vir Jesus liefhet nie deurdat hulle nie sy woord ter
harte neem nie,
waarsku Jesus: 'Die woorde wat julle hoor, is nie myne nie,
maar dié van my
Vader wat My gestuur het.' Wie Jesus se woorde nie aanvaar
nie, verwerp
daardeur vir God. Verder weet ons niks van hierdie Judas
nie.

Hierdie uiteenlopende groep
het almal eensgesind volhard in gebed – saam met die vroue,
waarskynlik
Maria Magdalena, en Johanna en Maria die moeder van Jakobus
die kleine en 'n
paar ander vroue saam met hulle, wat van die leë graf af deur
die twee engele
ontmoet is (Lukas 24:10).

Ook saam met hulle was **Maria**,
die moeder van Jesus, **en sy broers**. Sy broers, wat eers nie in
Hom geglo
het nie (Joh 7:5), is nou saam met sy getroue volgelinge
eensgesind in gebed.
In Mark 6:3 en Mattheus 13:55 word sy broers genoem: Jakobus,
Joses, Judas en
Simon.

Jakobus,
die broer van Jesus, word die leier van die gemeente in

Jerusalem nadat die apostels uit die stad moes padgee weens die vervolging teen hulle. Paulus noem hom eerste as een van die pilare van die kerk saam met Sefas en Johannes (Gal 2:9) en dat Jesus na sy opstanding aan Jakobus verskyn het (1 Kor 15:7). By die Jerusalemvergadering van apostels en ouderlinge het Jakobus die laaste woord gehad en die besluit van die vergadering geformuleer (Hand 15:13-21). Met Paulus se terugkoms in Jerusalem na sy derde sendingreis kom doen hy verslag aan Jakobus en die ouderlinge (Hand 21:18). Jakobus skryf ook die brief aan die twaalf stamme in die verstrooiing, die gelowige Jode wat buite Palestina woon. Hy noem homself 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus (Jak 1:1). Eusebius skryf dat Hegisippus vertel het dat die priesters hom van die toring van die tempel afgegooi het, dat hy vir hulle gebid het en dat hulle hom met klippe gegooi het en een hom met 'n knuppel oor die kop doodgeslaan het omdat hy van die toring af verkondig het dat Jesus aan die regterhand van God sit en weer met die wolke sal kom (vgl. Luk 22:69; 21:27). Hy is toe op die tempelterrein begrawe.

In sy brief noem **Judas** homself 'dienskneg van Jesus Christus en broer van Jakobus' (Judas 1:1). Judas en Jakobus is albei broers van Jesus (Mark 6:3). Hy waarsku baie ernstig teen

die valse leer wat in die gemeentes inkruip en roep die gemeentes op om in die liefde van God te bly; met die verwagting van die ewige lewe deur die ontferming van ons Here Jesus Christus; en om hulle te ontferm oor dié wat twyfel; ook om ander te red deur hulle uit die vuur te ruk. Die Here het die mag om ons van struikeling te bewaar (Judas 1:24).

Van die ander twee broers van Jesus, Joses en Simon, is niks verder bekend nie. Hulle het 'eensgesind' (*homothumadon* dieseldeur iets dink en daaroor saamstem), 'hulle toegewy' (*proskartereō* jouself toewy, daarmee aanhou – volhard) 'in gebed' – hulleself in die hande van God oorgegee, in afwagting op die vervulling van die Vader se belofte (Hand 1:5).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)